Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# JUNIE 2019

# GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

*JHISTA4*

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET DIE VERSKILLENDE JEUGORGANISASIES EN LEIERS DIE SUID-AFRIKAANSE JEUG IN DIE 1970's BEÏNVLOED?

### BRON 1A

Die uittreksel fokus op die grondslag (ontstaan) van die Swartbewussynsbeweging.

Die term Swartbewustheid is afkomstig van die Amerikaanse opvoeder Du Bois se evaluering van die dubbele bewustheid van swart Amerikaners wat geleer was dat wat hulle in hul binneste voel was leuens oor die swakheid en lafhartigheid van hul ras. Du Bois het daarop aangedring dat swart mense trots moet wees op hul swartheid as 'n belangrike stap in hul persoonlike vryheid.

Biko se begrip was verder deur die sienings van post(na)-koloniale denkers gevorm. Biko weerspieël die besorgdheid vir die stryd van die swart mens as 'n menslike wese, waardig en trots op sy swartheid, ten spyte van die verdrukking (onderdrukking) onder kolonialisme … Die doel van die wêreldwye beweging van swart denkers was om swartbewustheid en Afrika bewustheid te herstel, want hulle het gevoel dat dit tydens kolonialisme onderdruk was.

[Uit *Footprints in the Sands of Time* deur die Department van Onderwys]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder gee ŉ uiteensetting van hoe die Suid-Afrikaanse Studente-Organisasie (SASO) die swart Suid-Afrikaanse jeug teen die apartheidsregering in die 1970's gemobiliseer het.

Op een van die programme waar die SBB sy mees volhoubare nalatenskap (erfenis) gelaat het, het Ramphele die volgende geskryf: 'Die program vir leierskapontwikkeling het verskeie vlakke van opleiding behels en was onderneem as ŉ gesamentlike poging deur die SASO en BPC … Naweek-'vormingskole' was gehou om universiteitstudente in verskeie vaardighede op te lei. Daarby was ŉ uitgebreide opleidingsprogram vir jeugleierskap ook onderneem om die behoeftes van hoërskool en lokasie-gebaseerde jeugklubs in al die provinsies van Suid-Afrika aan te spreek.'

Teen vroeg 1972 het SASO-takke voorsiening gemaak vir studente in hoërskole wat of bestaan het of in aanvang in verafgeleë plekke soos Umtata, Kimberley en Port Elizabeth in die Kaap; Pietermaritzburg in Natal; Pretoria en Springs in die Transvaal en Bloemfontein in the Oranje-Vrystaat.

In 1973, het SASO ŉ leierskapkursus (seminaar) in Durban gehou, wat tot die Natal Jeugorganisasie gelei het. ŉ Ander werkswinkel was in Transvaal met soortgelyke bevredigende resultate gehou. By hierdie 'vormingskole' het student kritiese en analitiese vaardighede bekom en het hulle oor die politieke situasie in ander dele van die kontinent geleer. Hulle het betrokke geraak in kragtige debate oor gebeure in Suid-Afrika. Murphy Morobe, een van die produkte van hierdie 'vormingskole', beskryf hul belagrikheid in sy politieke opvoeding soos volg: 'Ons was bekendgestel aan ŉ manier van dink, ŉ manier om verantwoordelikheid te neem, hoe om inisiatief (leiding) te neem … leierskap in die tipe situasies waarin ons betrokke was. Ander gegradeerdes van die 'vormingskole' wat belangrike leiers in die vryheidsbeweging geword het, en in ŉ veranderde Suid-Afrika, sluit in Amos Masondo, Mathe Diseko, Itumeleng Mosala, Khehla Mtembu en Cyril Ramaphosa.

Opleidingsprogramme het 'praktiese blootstelling aan gemeenskapsontwikkeling' en 'vaardighede in administrasie, organisasie-dinamiek, sosiale ontleding en openbare redevoering voorsien.' Hulle het student ook geleer hoe om weerstand teen Bantoe-onderwys te toon (bied).

[Uit *The Road to Democracy in South Africa* deur M Mzamane et al.]

**BRON 1C**

Die volgende bron toon die impak wat die Suid-Afrikaanse Studentebeweging (SASB) op die jeug van Soweto in 1976 gehad het.

Sibongile Mkhabela, ŉ leier van die Suid-Afrikaanse Sudentebeweging by Naledi Hoërskool, onthou dat daar 'ernstige mobilisasie in die skole was en dat dit hoofsaaklik deur die SASB gedoen was. SASB-lede het gesê dat hierdie situasie nie toegelaat kon word om voort te gaan nie. Dit was die opbou vir die vergadering op 13 Junie.'

Ongeveer 400 studente het die vergadering in Orlando op Sondag, 13 Junie bygewoon. Dit was daar wat Tsietsi Mashinini, ŉ 19-jarige leier van die SASB-tak by Morris Isaacson (skool) ŉ massa-demonstrasie teen Afrikaans vir die volgende Woensdag voorgestel het. Mashinini was ŉ baie kragtige spreker en sy voorstel was met gejuig en krete van ondersteuning begroet. ŉ Aksie-komitee was onder die leierskap van Mashinini en Seth Mazibuko gestig, ŉ ander charismatiese (sjarmante) Form 2, (Graad 9) leerder wat die aanvanklike klasboikot by Orlando Wes Junior Sekondêre Skool gelei het. 'Ons het gedink dat as ons daardie klaskamers verlaat en as ŉ groot groep kom en die wêreld wys dat dit erg (moelik) was daar in daardie klaskamers,' het Seth Mazibuko onthou, 'sal iets gedoen word' …' Op die koue en mistige oggend van Woensdag, 16 Junie, het groepe opgewonde leerders bymekaar gekom by verskillende plekke regdeur die lokasie … Groepe studente het vanaf oral in die lokasie na Orlando-Wes beweeg. Teen 10:30 het meer as 5 000 studente in Vilikazi-straat vergader en meer het met elke verbygaande minuut aangekom.

[Uit *Soweto, A History* by P Bonner en L Segal]

**BRON 1D**

Die volgende plakkaat was as 'n huldeblyk aan Biko na sy dood in 1977 geskep.




[Uit *Steve Biko* by M. Westcott]

SWART MENSE SE KONVENSIE

## VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) IN DIE HANTERING VAN SUID-AFRIKA SE VERDEELDE VERLEDE?

### BRON 2A

Die uittreksel veduidelik die redes vir die totstandkoming van die WVK.

Nadat hulle die 1994 verkiesing gewen het, het die ANC ŉ groot taak gehad om ŉ ware nie-rassige en demokratiese Suid-Afrika op te bou, sonder om die verlede te vergeet. Soos Mandela gesê het, 'Daar was geen euwel wat so veroordeel (verwerp) was deur die wêreld soos apartheid nie en daarom moet daar ŉ manier gevind word om die oortreders van die apartheidstelsel te vergewe sonder om die misdade teen die mensdom te vergeet.' Die ANC se oplossing vir 'vergewe sonder om te vergeet' was die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1996.

Die doelwitte van die WVK was om sover as moontlik ŉ volledige beeld (indruk) te verskaf van die oorsake, aard en gevolge van die growwe menseregteskendings. Dit moes ook voorsiening maak vir die toestaan van amnestie aan persone wat volle openbaring gemaak het oor die relevante feite wat verband hou met dade van geweld. Die WVK was ook belas met die bekendmaking van die lot van slagoffers en om slagoffers se menslike- en burgerlike waardigheid te herstel, deur aan hulle die geleentheid te bied om hul stories te vertel, deur reparasie-maatreëls aan te beveel en om kompensasie aan hulle te voorsien. Die WVK moes ook aanbevelings maak oor hoe om ŉ politieke kultuur in Suid-Afrika te ontwikkel, wat respekvol sou wees teenoor die menseregte van al die burgers.

[Uit *South Africa's Transition to Democracy* deur S. Shaw]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2B**

Dit is ŉ verslag van ŉ onderhoud wat gevoer was met Eugene de Kock na sy eerste verskyning voor die WVK in September 1997.

De Kock was ŉ 'geïmpliseerde ooggetuie' in die WVK verhoor van vyf voormalige wit sekuriteitspolisiemanne in Port Elizabeth wat vir amnestie aansoek gedoen het vir die bomaanval … Die 'Motherwell bomontploffing' was op bevel van die kommandant van die polisie, generaal Nic van Rensburg, wat De Kock genader het en hom gevra het om 'plan te maak' om die Motherwell polisiemanne stil te maak.

De Kock het begin om ŉ plan te ontwerp en dit dan uit te voer. Hy het die tegniese afdeling van Pretoria se polisie genader en hulle opdrag gegee om ŉ bom te bou wat met ŉ afstandbeheer kon ontplof … De Kock het getuig dat die drie swartpolisiemanne op ŉ valse sending, in ŉ motor waarin die plofstowwe (bomme) in versteek was gestuur was. Die bom het afgegaan soos beplan deur middel van die afstandbeheer, en het die dood van die Motherwell polisiemanne veroorsaak, sowel as ŉ vierde man, ŉ vriend van hulle wat in die motor was.


Dit was De Kock se eerste verskyning voor die WVK. Nadat hy sy getuienis afgesluit het, het hy versoek om met die weduwees van die Motherwell slagoffers te ontmoet. Hy wou hulle om verskoning vra, maar hy wou dit in die geheim doen, het hy gesê. Ek was gefassineer deur De Kock se versoek …

Die weduwees se prokuteur het ingestem tot die ontmoeting … 'Ek was geweldig geraak deur hom,' het Mev. Faku gesê na haar ontmoeting met De Kock. Beide vroue (die weduwees) het gevoel dat De Kock iets aan hulle oorgedra het wat hy oor diepe berou gehad het en dat hy hul pyn (hartseer) erken het. 'Ek kon nie my trane beheer nie. Ek kon hom hoor, maar ek was oorweldig deur emosie, en ek kon net knik, as ŉ manier om ja te sê, ek vergewe jou. Ek hoop dat wanneer hy ons trane sien, hy sal weet dat dit nie slegs trane is oor ons mans nie, maar trane vir hom ook … Ek sou graag sy hand wou vashou en aan hom wys dat daar ŉ toekoms is, en dat hy nog steeds kan verander.'

[Uit *A Human Being Died That Night* deur P Gobodo-Madikizela]

**BRON 2C**

Die spotprent deur Zapiro beeld Eugene de Kock, Craig Williamson en Johan Coetzee as 'DIE 3 SKRIKAANJAERS' wie betrokke was in die moorde van vele anti-apartheid aktiviste.




[Uit *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On* deur Charles Villa-Vicencio et al]

**BRON 2D**

Hierdie uittreksel deur die voormalige president Thabo Mbeki, fokus op die belangrikheid om die waarheid by die WVK-verhore te vertel.

Die groot gapings in ons gemeenskap wat die afwesigheid van nasionale konsensus (ooreenkoms) bereik oor sake wat fundamenteel (belangrik) is vir die skep van ŉ nuwe gemeenskap word verteenwoordig deur die kontroversie (omstredenheid) wat blyk ontstaan het rondom die werk van die Waarheids-en-Versoeningskommissie.

Die haat en vyandigheid van die verlede sal nie verdwyn tensy die waarheid oor wat gebeur het, vertel word nie. Die vertel van die waarheid is pynvol vir almal van ons. Waar growwe skending van menseregte plaasgevind het aan beide kante van die konflik, kan dit nie daartoe lei om ons te verminder (in menswaardigheid) deur enige van ons wat die oortreders was nie.

Ons is verminder deur die dade wat gepleeg was en nie deur die vertelling aan die Kommissie en nasie nie. Iets van wat ons werd is sal herstel word deur die moed (dapperheid) van ons om die waarheid te vertel en te erken dat ŉ wandaad gepleeg was waar dit gepleeg was.

[Uit *The Life And Times Of Thabo Mbeki* deur A Hadland and J Rantao]

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bonner P and Segal L, *Soweto, A History*

Department of Education, *Footprints in the Sands of Time*

Gobodo-Madikizela P, *A Human Being Died That Night*

Hadland A and Rantao J, *The Life and Times of Thabo Mbeki*

Mzamane M. et al, *The Road to Democracy in South Africa*

Shaw S, *South Africa's Transition to Democracy*

Villa-Vicencio et al *Truth and Reconciliation in South Africa: 10 Years On*

Westcott M, *Steve Biko*

Kopiereg voorbehou